Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Vrug op die arbeid of onverdiende guns alleen?"

Skriflesing: Lukas 13:1-9

Lied 224

Kom prys Hom alle nasies.
Kom sing, kom loof die Heer!
Kom prys Hom alle volke.
Kom sing, kom loof die Heer!

Laudate omnes gentes,
laudate Dominum.
Laudate omnes gentes,
laudate Dominum.

Broodjies vir die pad

To finish a work? To finish a picture? What nonsense! To finish it means to be through with it, to kill it, to rid it of its soul, to give it its final blow the coup de grace for the painter as well as for the picture. (Pablo Picasso)

Above all the grace and the gifts that Christ gives to his beloved is that of overcoming self. (Francis of Assisi)

◆◆◆

Laat my toe om vandag in jou huis te bly?

Dirkie Smit

Ons wêreld het 'n skaarste aan respek, sê hy. Al beweer ons hóé dat ons respek beoefen, ly ons wêreld gebrek, sê hy. Want respek moet verdien word, dink ons, dit kom met sélf-respek, wat weer respek by ánder afdwing. En hoe groei dié?

Op drie maniere, sê hy, soos vele kan getuig uit eie ervaring oor lange en moeilike tye. Dit groei met self-ontwikkeling, self-versorging en self-opoffering.

Self-respek neem toe soos wat ons ons talente ontgin en geleenthede benut. Hard werk, presteer, toeneem in aansien. Voldoen aan verwagtinge. Ordentlik en wel aangepas word, in ánder se oë. Word wat ons kán as ons net wíl, bereid om ons in te span. Self-respek neem toe soos ons al meer onsself versorg en onafhanklik word. Nie leef van gunste en gawes, heeltyd behoeftig bakhand, parasities op ander teer nie, maar op eie bene staan. Self-respek neem toe soos ons mededeelsaam raak. Omgee, ander help en versorg. Ondersteun en uitdeel. Só groei respek, sê hy, in ons éie oë – en daarom ook dié van ander.

Dog al drie is vol probleme, sê hy, in 'n ongelyke wêreld. Al drie kan bydra dat ander nog vérder verneder voel, nog méér afgetakel, elke greintjie self-respek verlóre. Weens ongelykheid het nie almal dieselfde talente en geleenthede nie, sê hy. Die dice val nie eenders nie. Om dán te verwag dat almal hulself regruk en ophef, te suggereer dat almal kán wat net wil, sodat onvermoë ongemerk tot eie skuld word – is krasse disrespek. Om dán enige behoefte aan sorg en enige afhanklikheid te laat lyk na swakheid en mislukking – is diep onterend. Om dán in ontferming ander te wil help – kán (ongelukkig) ervaar word as neerbuigend. Wat ons dink respekvol is, kán oorkom as krenk en verneder, as weier om te luister, te hóór, waarlik te sien.

So sê *Richard Sennett in Respect in a World of Inequality*. Hy wéét, nié net danksy grondige navorsing (as voorste sosioloog), maar veral uit eie ervaring. Dié boek is outobiografies, sy eie belewenisse as die kind van 'n enkelma in Chicago se berugte skemas. Wat dan? Hy weet self ook nie, maar peins oor "politiek van respek", van raak-sien, herken, érken – en wat dit sou kon wees. As ons nie van bo ander soos stokke en blokke hanteer nie, maar as ménse – as ons lúister, ag gee, wil weet wié hulle is en wáár en hóé.

Byna soos Jesus, wat vir Saggeüs in die boom síén en sê klim af, ek wil vandag in jou huis kom bly (Lukas 19:5).

http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/laat-my-toe-om-vandag-in-jou-huis-te-bly-20160219

◆◆◆

Hoe weet je eigenlijk of God bestaat?

Leonie Breebaart

Scepsis Als er íets vraagt om scepsis, is het wel religie. Want hoe weten gelovigen zo zeker dat God bestaat? En ongelovigen dat hij níet bestaat? Dat bestaan valt toch niet te bewijzen? Kan God iets anders zijn dan een aantrekkelijke illusie of projectie?

Hoe weten gelovigen zo zeker dat God bestaat? En ongelovigen dat hij níet bestaat? Die twee vragen zijn waarschijnlijk al zo oud als de mensheid. En toch raken we ze niet kwijt. Sterker nog: na jaren van schijnbaar onontkoombare leegloop van de kerken in Nederland lijken ze weer op te laaien, nu nieuwe Nederlanders, van moslims tot Polen, laten zien dat een seculiere omgeving nog niet altijd leidt tot geloofsverval.

Daar komt nog bij dat ook binnen de grondig geseculariseerde Amsterdamse elite voorzichtige 'bekeringen' plaatsvinden. Joost Zwagerman, ooit auteur van ultracoole grotestadsromans, bleek voor zijn zelfgekozen dood te zoeken naar God, terwijl Stephan Sanders, columnist van Vrij Nederland, onlangs publiekelijk liet weten wel iets te zien in het geloof. "Ik zeg nu 'God' en hoef dat woord niet door te spoelen met twee of drie flessen wijn. Het is een begin." Maar wat bedoelen intellectuelen dan als ze zeggen dat God bestaat? Hoe kunnen ze geloven dat er 'iets' is buiten henzelf, terwijl ze zo'n aanwezigheid op geen enkele manier kunnen aantonen of bewijzen?

Christiane Berkvens-Stevelinck
Als één iemand deze sceptische vragen kan beantwoorden, is het Christiane Berkvens-Stevelinck (1946), emeritus hoogleraar Europese cultuur, geboren in België als dochter van een joodse moeder en een katholieke vader. Als specialiste van het denken in de Verlichting, een tijd van levendige briefwisselingen over opkomend atheïsme, kent ze alle argumenten vóór en tegen het bestaan van God van binnen en buiten. En ze is niet van haar geloof gevallen.

De geleerde die in haar Rotterdamse flat uitlegt wat het bestaan van God eigenlijk behelst, ontvangt de bezoeker in de ambtskleding van een remonstrantse predikant: een donkerblauw broekpak met een wit boordje.

Over de vraag of je het bestaan van God kunt bewijzen, zijn we snel uitgepraat, lijkt het. Daarin deelt Berkvens-Stevelinck de scepsis van de moderne wetenschap. "Bewijzen dat God bestaat is ongelooflijk vaak geprobeerd, maar gelukt is het nooit."

Maar daar voegt ze meteen de volgende opmerking aan toe. "Toch geloven miljoenen mensen dat er een God bestaat - heel veel moslims en heel veel christenen. En die ervaring herken ik. Gelovigen ervaren dat ze gedragen worden door iets groters, dat er iets bestaat dat de kosmos bij elkaar houdt. Veel pubers hebben op zeker moment zo'n 'numineuze' ervaring, maar ook op latere leeftijd komt die vaak voor, dat laten Joost Zwagerman en Stephan Sanders zien."

[…]

http://www.trouw.nl/tr/nl/5091/Religie/article/detail/4251675/2016/02/25/Hoe-weet-je-eigenlijk-of-God-bestaat.dhtml

Brood vir die pad

Die mistiek van die mens se plekbewussyn

Wilhelm Jordaan

Die artikels, rubrieke, musiek en radioprogramme wat Kaapstad se Distrik Ses in die kollig plaas, is ’n bevestiging van die mistiek van mense se plekbewussyn – ’n leefruimte gevul met die geure, kleure, mense, bome, wind en klanke wat jy liefhet.

Daaroor het Cervantes se Don Quichot gesê: “Hier op dié plek voel ek, saam met mý mense, tuis soos ’n monarg op sy troon; ’n koning by sy eie vuurmaakplek.”

En nou, 50 jaar ná die gedwonge verskuiwing van nagenoeg 60 000 mense uit die ou Distrik Ses – danksy die destydse apartheidstaat se swaardmag – kry dié mistiek opnuut gestalte deur die krag van onthou; deur die nooit-vergeet-nie van mense se plekbewussyn.

“Plek” is ’n bekoorlike woord – ’n “territoriale imperatief”, soos Robert Ardrey skryf. Dit laat jou sê: “Dis myne. Dis ons s’n.”

’n Oudinwoner van Distrik Ses sê dit só: “Ek is al jare uit die Die Ses, maar my hele hart het agtergebly. Toe ek terugkom, was dit soos ’n reunion. Ek is weer op mý plek.”

Plek word só ’n verlenging van die self. Die tekstuur van die self word uitgebrei na alles wat “my plek” kenmerk. “Ek” en “plek” raak in mekaar gerank.

Ná die digter D.J. Opperman se lang siekte het hy dié ingeranktheid met ’n plek (Stellenbosch) opnuut aangevoel in sy Komas uit ’n Bamboesstok; dat hy só intiem deel van dié stukkie aarde is dat hy in die herfs die eerste snoek in hom voel loop. En as die Eersterivier in die winter vol raak en harder en harder raas, word ook die klippe in hom ronder omgerol.

Dit is die “grondstowwe” van sy plek wat hom gesond maak, héél laat word. Sulke vereenselwiging maak van elke mens, diep binne-in, ’n plekdigter; een wat kan uitroep soos die mense van Distrik Ses: “Ons het die see en die berg teruggekry. Want die berg is ons gebeente en die see is ons bloed.”

Plek is dan ook ’n oord van tussenmenslike verbondenheid. ’n Hart waarin ’n plek wortel en tak gemaak het, het ook plek vir die plekgenote; die ander wat daar woon – hulle wat jy uitnooi en innooi, tuis laat voel en sonder wie jy nie mens is nie. Daarom Distrik Ses, daarom “kanala”, daarom mededeelsaamheid.

In haar boek The House in Tyne Street – Childhood Memories of District Six vertel Linda Fortune van die “groot gesin” van Distrik Ses; in en deur ’n aanvoelbare menslike nabyheid wat enkelingskap omvorm het tot gemeensaamheid as ’n leefwyse.

Wat nie sê dit was ’n volmaakte plek nie. Baie mense, ook van Distrik Ses, het dít aangeteken, maar ten minste was dit ’n plek waar mense van mekaar geweet het en wou weet.

Daarom is Distrik Ses ’n blywende herinnering aan gemeensaamheid, maar ook aan versuim: dat dié wat toe die mag gehad het nie die ander se plekbewussyn geag en uitgebrei het tot ’n diepstrekkende, almalinsluitende mensbewussyn nie.

http://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/wilhelm-jordaan-die-mistiek-van-die-mens-se-plekbewussyn-20160224

◆◆◆

Lied 284

1 Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)
O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

2 Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

3 Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877